*Vrydag* **27 Februarie**
**Skrifgedeelte: Genesis 4**
**Fokusgedeelte: Genesis 4:26 (AFR83)**
**Die Here se barmhartigheid te sien in die gawe van ’n verbondslyn**

Genesis 4 is sekerlik een van die merkwaardigste hoofstukke in die Bybel. Dit is die eerste hoofstuk wat vir die Bybelleser vertel van die tydperk nadat die hekke van die paradys agter die mens gesluit is. ’n Volledige nuwe era. Hierdie hoofstuk is die inleiding, maar ook die opsomming van die wêreldgeskiedenis wat sou volg.

- *Die geskiedenis na die paradys begin met ’n naïewe optimisme*

Hierdie hoofstuk begin met ’n opgewonde Eva wat haar eersgeborene in die wêreld bring. Uitbundig sê sy: *“Ek het ’n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here.”* Sy sien uit na die belofte van God dat die slang se kop vermorsel gaan word … maar helaas. Die realiteit van die gevolg van die sondeval is ontnugterend. Die skok is dat Kain nie die nuwe pad van die lewe inlei nie, maar dat hy die dood in hom dra.

- *Daarna sou dit gevolg word deur ’n ontnugterende realiteit*

Wat bly daar tog oor? Vir die mens lyk dit asof daar geen hoop oorgebly het nie. Abel word vermoor. Hierna volg Henog in die geslagslyn van die moordenaar en Henog belowe om 77 maal weer wraak te neem teen enige opponent. Genesis 4 voorspel beslis geen rooskleurige toekoms nie. Anderkant die toe hekke van die paradys lê daar ’n duister toekoms van haat, ongeloof en dood.

- *Dan kom die ontwakende hoop in vers 26: “Hulle het sy Naam aangeroep.”*

Die uitdrukking “die Naam van die Here aanroep” is baie ryk aan betekenis. Van hierdie vers af loop hierdie woorde deur die Bybel. Dit word een van die kernbegrippe in die Christelike kerk. Teenoor die duisternis soek die nageslag van Set hulle hoop by die Here. Na die donker sondeval was daar tog mense wat hulle skuiling by die Here gesoek het. Ons as kerk is